# Alle oë op die groeisyfer
# Plaaslike ekonomiese nuus: Mei 2011

**Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

Hierdie maand spits ons ons aandag toe op ekonomiese groei, verbruikersbesteding al dan nie, en hoe die regering ons werkloosheidskrisis gaan hanteer.

Terwyl ons vir die amptelike groeisyfers vir die eerste kwartaal van die jaar wag, kan ons die mynbedryf-, kleinhandel- en vervaardigingsaanwysers van Statistiek Suid-Afrika gebruik om te help om 'n mening oor ekonomiese groei te vorm.

## Aanvanklike syfers lyk positief

Die produksie-aanwyser van die vervaardigingsbedryf het oor die eerste twee maande van die jaar verbeter. Die mynbedryf-opbrengs en kleinhandelverkope het gestyg. Dit is goeie tekens vir groei in die eerste kwartaal.

## Verbruikersvraag is terug

Dit is interessant om te merk dat die huidige groei in die ekonomie hoofsaaklik te danke is aan 'n herstel in verbruikersaanvraag. In die afgelope paar maande het motorverkope gemiddeld met meer as 20% toegeneem en kleinhandelverkope is ook redelik stewig.

Hierdie besteding is moontlik gemaak deur stygings in werklike lone en onveranderde rentekoerse. Die lae rentekoers-omgewing het verbruikers in staat gestel om stadig maar seker hul skuldvlakke te laat krimp. Huishoudelike skuld is egter steeds op geskiedkundig hoë vlakke (77.6% van besteebare huishoudelike inkomste in die vierde kwartaal van 2010), wat die vraag na krediet en 'n toename in besteding terughou.

## Werkloosheid is steeds die grootste struikelblok in die pad na herstel

In Suid-Afrika maak huishoudelike besteding minstens twee-derdes van die totale besteding uit. Dit kan nie in stand gehou word deur besteebare inkomste wat hoofsaaklik ondersteun word deur loonooreenkomste wat hoër as inflasie is nie. Daar moet 'n toename in die werkskeppingsvermoë van die ekonomie wees, asook 'n vermoë om meer mense in die formele mark te absorbeer.

Die regering se pogings om werkloosheid, veral onder die jeug, aan te vat, is prysenswaardig omdat jeug-werkloosheid aansienlik hoër as die nasionale werkloosheidsyfers is. Daar is egter konsensus dat dit nie net 'n regeringspoging kan wees nie en dat die private sektor ook aan boord moet kom.

Vir hierdie doel het die president 'n spitsberaad oor werkskepping met die korporatiewe sektor gehou om die pad vorentoe te bedink. Die voorgestelde wysigings aan arbeidswetsontwerpe wat bestem is om vanjaar deur die parlement oorweeg te word, word deur die arbeidsektor as noodsaaklik beskou om indiensnemingsvoorwaardes te verbeter, maar dit word oor deur sommiges in die sakesektor beskou as 'n potensiële stok in die wiel vir werkskepping.

‘n Kompromis van albei kante is belangrik, aangesien werkloosheid vir alle Suid-Afrikaners kommerwekkend is.
‘n Styging in indiensnemingsyfers is voordelig, omdat:

- Meer belastinginkomste vir die regering gegenereer word, wat dit in staat sal stel om diensleweringsmikpunte te haal.
- Die sakesektor trek voordeel uit ‘n verhoogde aanvraag na hul produkte wanneer meer mense werk het.
- Die land se lewenstandaarde verbeter wanneer meer mense finansieel onafhanklik is en daar ‘n ligter las op die regering se welsynstrukture is.

Werkloosheid onder die jeug ry ekonomiese en maatskaplike stabiliteit in die wiele en moet as ‘n saak van nasionale dringendheid aangepak word. In die maande wat voorlê, sal die regering moontlik meer besonderhede verskaf oor hoe dit gedoen kan word.

## Nuwe werksgeleenthede, maar meestal tydelik

Buiten deur beleidsoptrede van regeringskant, sal volgehoue ekonomiese groei ook voortgaan om ‘n stabiele werkersmark te ondersteun. Die afname in afleggings in die laaste deel van 2010 was ‘n bemoedigende teken.

In die private sektor is wel nuwe werksgeleenthede geskep maar dit wil voorkom asof die neiging eerder na korttermyn of tydelike werkskepping is. Dit kan ‘n gevolg wees van die onsekerheid by besighede oor die diepte en volhoubaarheid van die huidige ekonomiese herstel.

## Inflasie-vrese steeds ‘n werklikheid

Daar is vrese oor die uitwerking wat stygende oliepryse (vanweë die onrus in Noord-Afrika en die Midde-Ooste) op inflasie sal hê en dit skep ‘n aansienlike risiko vir plaaslike en wêreldwye ekonomiese herstel. Suid-Afrika se jaar-op-jaar inflasie het in Maart tot 4.1% toegeneem, wat ietwat hoër as die markkonsensus was. Dit was hoofsaaklik te wyte aan hoër voedsel- en energiepryse.

Teen die huidige koers kan ons die inflasiekoers dalk teen die einde van hierdie jaar verby 5% sien skuif, wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank dan sal noop om die skroewe van die monetêre beleid aan te draai. Daar is egter nog kapasiteit in die ekonomie beskikbaar, wat beteken dat die bank die gordel nog nie aggressief hoef in te trek nie. Ekonomiese groei sal dus nie oormatig ingeperk word nie.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*